Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Kantoor van die Hoof: Onderwys

Verwysing: COVID-19/202020523
Navrae: BK Schreuder

Geagte Prinsipale, Skoolbestuurspanne en onderwysers van alle openbare skole

(Vir inligting: Beheerliggame)
(Vir inligting: Onafhanklike skole)

Verdere riglyne vir die beheer van COVID-19 in openbare skole

Ek wil prinsipale en skoolbestuurspanne (SBS'e) bedank vir die werk wat die afgelope week verrig is ter voorbereiding van skoolterreine en om gereed te wees vir die terugkeer van alle onderwysers op Maandag, 25 Mei 2020.

Dankie dat daar begin is met die deeglike reiniging van skole en die noodsaaklike beplanning wat gedoen moes word: beplanning vir die daaglikse sifting van alle personeel, beplanning vir die oriëntering van personeel op hulle eerste dag terug by die skool, beplanning vir die stigting van gesondheids- en veiligheidskomitees (as deel van die SBS) en beplanning vir sosiale afstand van leerders en die uiteindelike planne vir wanneer skole nie meer leerders met sosiale afstand kan tegemoetkom nie.

In die week wat voorlê, sal die klem val op die regmaak van die skool vir die terugkeer van leerders in graad 12 en 7 op 01 Junie 2020: planne vir die daaglikse sifting van leerders, oriëntering van leerders oor Covid-19 en nuwe gedragspatrone en ritmes, lesse om verantwoordelikheid vir hulle eie veiligheid te aanvaar, en finale voorbereiding vir die lewering van die kurrikulum vanaf 01 Junie 2020.

Ter voorbereiding van die veilige terugkeer van onderwysers en leerders, het skole verslag gedoen dat meer as 80% van hulle skoonmaakmiddels teen 18 Mei 2020 ontvang het. Die aflewering van temperatuurskandeerders en maskers vir alle personeel is gister afgehandel. Die enkele skole wat nie beskikbaar was om die aflewerings van maskers en skandeerders te ontvang nie, moet onmiddellik met hulle distrikskantore in aanraking kom.

Die eerste besendings bykomende middels (reinigers, bleikmiddels) is by die meeste skole afgelewer en dit sal voortduur. Genoeg maskers vir graad 12- en 7-leerders sal skole teen Woensdag, 27 Mei 2020, bereik. Maskers vir die res van die leerders sal vanaf die eerste week in Junie volg.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 9280
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

Dit is absoluut noodsaaklik dat prinsipale aanspreeklikheid vir die gereedheid en veiligheid van skole aanvaar. Ek wil prinsipale en SBS'e bedank dat hulle hierdie belangrike verantwoordelikheid aangegryp het. Die manier waarop skole gelei en bestuur word, sal noodsaaklikerwys anders wees as voor COVID-19 en ek kan nie genoeg beklemtoon hoe belangrik die voortgesette gesondheids- en veiligheidsvoorsorgmaatreëls in onderwysers en leerders se belang elke dag is nie.

Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se riglyne

Ter ondersteuning van die enorme taak wat prinsipale en SBS'e het om te lei, beplan en voor te berei vir die veilige terugkeer van leerders, het ons reeds die eerste vyf riglyne in 'n reeks riglyne uitgestuur en ons het ook die dokumente wat ons tot dusver van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) ontvang het, uitgestuur.

Die eerste stel WKOD-riglyne, A−E, oor hoe om Covid -19 in u skool te beheer, is op Sondag, 17 Mei 2020 aan u gestuur.

Die volgende riglyne word vir u aandag by hierdie brief aangeheg:

- **F – WKOD-riglyn: Skoolvoeding**
- **G – WKOD-riglyn: Psigososiale ondersteuning**
- **I – WKOD-riglyn: Beheer van leerders met onderliggende komorbiditeite**
- **J – WKOD-riglyn: Veiligheid van leerders wat van die leerdervervoerskema gebruik maak**
- **K − WKOD-riglyn: Beheer van veiligheid in koshuise gedurende COVID-19**
- **L − WKOD-riglyn: Beheer van COVID-19-gevalle in skole**
- **M − WKOD-riglyn: Rolle en verantwoordelikhede van skoolbestuurspanne**

Daarbenewens het die WKOD ook die volgende opgestel:

- **H – WKOD-riglyn: Beheer van veiligheid van personeel met onderliggende komorbiditeite**

Ons is huiwerig om hierdie riglyn tot dusver uit te gee aangesien ons wag op eenvormige standpunte van die DBO oor hierdie kwessie.

Die WKOD is ook tans besig om riglyne vir die hantering van die kurrikulum op te stel:

- **N – WKOD-riglyn: Hantering van die kurrikulum**

Riglyne H en N sal so gou as moontlik uitgestuur word.

Dit is absoluut noodsaaklik dat alle prinsipale, SBS'e, onderwysers en nie-onderrig personeel die riglyndokumente deeglik bestudeer en daarvolgens optree. Dit is ter wille van almal se veiligheid belangrik dat almal kennis dra van die inhoud van hierdie riglyne. As daar voorts enige teenstrydighede tussen die WKOD-riglyne en die DBO-riglyne is, moet die WKOD-riglyne aanvaar word totdat verdere duidelikheid gegee word.

Ons maak verskoning vir die tyd wat dit neem om die vertaalde weergawes van hierdie dokumente uit te stuur weens die groot hoeveelheid werk wat dit verg en die druk spertye wat betrokke is. Ons sal die vertaalde dokumente stuur sodra dit voltooi is.

Ek kan ongelukkig geen duidelikheid gee oor wanneer die volgende grade gaan terugkeer nie. Ons wag op die besluit van die DBO. Die WKO het kommer uitgespreek oor die laat terugkeer van die grondslagfase, aangesien hierdie grondslag vir leer van kardinale belang is vir leervaardighede in die jare wat voorlê. Ons vertrou dat ons insette hieroor oorweeg sal word.

Onderwysers met komorbiditeite: Tussentydse maatreëls

Ek is bewus dat onderwysers met onderliggende komorbiditeite bekommerd is om Maandag terug te keer skool toe terwyl daar op nasionale leiding vanaf die DBO gewag word.

Hierdie aangeleentheid is weer met die provinsiale onderwyservakbonde in ons gereelde vergadering vanoggend bespreek. Ons is in ooreenstemming dat ons 'n weg behoort te vind waarop onderwysers met komorbiditeite voordelig kan voortgaan met hulle werk onder veiliger omstandighede, soos om van die huis af te werk.

Aangesien baie onderwysers in hierdie bootjie reeds mediese verslae oor hulle geskiedenis aan hulle prinsipale voorgelê het, het die WKOD besluit om hierdie onderwysers toe te laat om nie Maandag, 25 Mei 2020, terug te keer skool toe nie, in afwagting op verdere samesprekings met die DBO. Ons sal graag onderwysers in hierdie bootjie hierdie week wil inlig oor die WKOD se prosesse voordat leerders begin terugkeer skool toe.

Intussen versoek ons dat onderwysers met komorbiditeite 'n aansoek om 'n **konssessie** by hulle prinsipale indien, saam met 'n volledige verslag oor hulle mediese geskiedenis van hulle mediese praktisyn, asook 'n plan oor hoe hulle voorstel dat hulle van die huis af kan werk. Hierdie verslae en planne moet so gou as moontlik ingedien word, maar voor of op Woensdag, 27 Mei 2020 (selfs al is die mediese verslag nog agterstallig). Prinsipale moet hierdie dokumente met 'n aanbeveling teen Donderdag, 28 Mei 2020, aan die distriksdirekteur stuur vir WKOD-oorweging, tesame met 'n plan van hoe die skool sodanige gevalle om van die huis af te werk, gaan hanteer.

Ons hoop van harte dat ons hierdie proses so gou as moontlik kan afhandel.

Begroting

Ons is deeglik bewus dat alle skole in die toekoms onder druk en finansiële beperkings gaan wees. Gevolglik sal SBS'e nou 'n belangrike rol moet speel wat betref die herprioritisering van die skool se begroting. Dit is ook belangrik dat skole moet toesien dat befondsing vir die aanvulling van bruikbare reinigers, ontsmettingsmiddels, en skoonmaakmiddels opsy gesit word op 'n voortdurende manier soos die middels wat deur die WKOD in besendings voorsien word, uitgeput raak.

Wenk

Alhoewel ons probeer om klein houers vir handreinigers te verkry, is dit bykans onmoontlik om dit tans in groot maat aan te koop. Maar 'n prinsipaal het onlangs met 'n briljante idee vorendag gekom: hy het sy ouers gevra om alle leë spuitbottels te versamel en dit skool toe te bring wanneer leerders terugkeer om in die tussentyd te help met die oorplaas van handreinigers.

Beleide oor hare en skoolklere

Daar was 'n openbare debatvoering oor die beleid oor hare en die feit dat leerders nie 'n haarkapper of barbier kon besoek het nie weens die COVID-19-beperkings. Alhoewel ons begrip het vir die dissiplinêre prosedures wat gehandhaaf moet word, wil ek 'n beroep op skole doen om redelik te wees gedurende hierdie tydperk en gevalle waar leerders se hare nie aan die haarbeleidsvereistes voldoen nie, tegemoet te kom.

Daarbenewens, aangesien die WKOD twee gratis maskers per leerder voorsien, kan ouers nie gedwing word om maskers van skole te koop nie, al is dit in die skool se kleure en het handelsembleme. Ons vra weer vir 'n redelike benadering van skole wat vereis dat 'n leerder 'n besondere kleur dra.

Ek wil alle prinsipale, SBS'e en nie-onderrig personeel wat so hard werk om hulle skole Maandag gereed te kry vir onderwysers en op 01 Junie 2020 vir leerders bedank. Ek ontvang wonderlike terugvoering oor die inisiatief wat baie van julle aan die dag lê om veiligheid en sosiale afstand te verseker.

Die uwe

BK Schreuder

BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-05-23